**VAT WAT JY NODIG HET: Eienskappe van God**

**Instruksies**: kram die lengte van die blaai vas aan 'n stuk karton, knip hierdie stukke dan los van mekaar tot by die stapler sodat die kinders kan afskeur wat hulle wil hê sonder om die blaai te skeur.

**GOD VAN BELOFTES: Hy maak hulle en kan hulle nie verbreek soos ons mense nie**

Num 23:19: God is nie 'n mens dat Hy sou lieg nie, 'n mens dat Hy van gedagte sou verander ni. Sou Hy iets se en dit nie doen nie, iets belowe en dit nie uitvoer nie?

**DIE SKEPPER VAN ALLES OP AARDE:**

**Jes 45:18 -** So sê die Here, Hy wat die hemel geskep het, Hy wat alleen God is, Hy wat die aarde gevorm, gemaak het, dit gereed gemaak, geskep het, dit gevorm het, nie om leeg te wees nie, maar om bewoon te word: Ek is die Here; daar is geen ander nie

**DIE EWIGE GOD: Hy was nog altyd daar en sal vir altyd daar wees:**

**Ps 90:2** Voordat die berge gebore is, voordat U die wêreld voortgebring het, ja, van ewigheid tot weigheid is U God!

**ALSIENDE GOD: God SIEN alles wat daar is om te sien, jy kan niks vir Hom wegsteek nie!**

**Heb 4:13**: Daar is ook niks in die skepping wat vir God onsigbaar is nie; alles lê oop en bloot voor Sy oë. En aan Hom moet ons rekenskap gee.

**ALOMTEENWOORDIG GOD: God is die heeltyd, oral gelyk**

**Jerm 23:24**: Niemand kan in 'n geheime plek wegkruip sonder dat Ek hom sien nie, sê die Here. Ek is oral in die hemel en op die aarde, sê die Here

**ALMAGTIGE GOD: Hy kan enige iets doen wat Hy wil doen**

**Jerm 32:17** Ag, Here my God, U het die hemel en die aarde gemaak deur U groot mag. Niks is vir U onmoontlik nie
**Jerm 32:27** Ek is die Here die God van al die mense. Is iets vir My onmoontlik?

**God is 'n Drie-eenheid: Hy is 3 persone in een: Vader, Seun, Heilige Gees**

**Matt 28:19**: Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees

**ALWETENDE GOD: Hy weet die verlede, die hede en die toekoms, Hy weet selfs wat JY op hierdie oomblik dink!**

**Ps 139:1-4**: Here, U sien dwardeur my, U ken my. Of ek sit en of ek opstaan, U weet dit, U ken my gedagtes nog voordat hulle by my opkom. Of ek reis en of ek oorbly, U bepaal dit, U is met al my paaie goed bekend. Daar is nog nie 'n woord op my tong nie of U, Here, weet wat dit gaan wees!

**ALLERHOOGSTE: Daar is niks en niemand groter of sterker as God nie, Hy is die 'ultimate'**

**Jes 43:13**: Ook hierna is ek nog God. Uit my mag kan niemand gered word nie. Wat Ek doen kan niemand ongedaan maak nie.